Datum: 22 November 2026
Leraar: Wouter van der Merwe
Tema: Reformasie
EF 2:8-10

Ons as Protestante glo aan die 5 Solas as deel van die hervorming.

Luther, Calvyn, Zwingli, Wycliff, Tyndale en Jan Hus het oor ’n kwessie van +- 100 jaar die kerk & Christenskap kom ’reformeer’ (vernuwe), deur:

Luther (31 Oktober 1517 – 95 stellings op Wittenberg)

Luther vra: Hoe kan ek seker wees dat God my aanvaar?

Die 5 Solas antwoord:

- Die Skrif vertel ons
- Dat ons deur **Genade**
- Op grond van ons **Geloof**
- In **Christus Gered** word
- Tot eer van God!

Verlossing kom:

1. Sola Scriptura - Net die **Woord** - **Waar** ons dit kry
2. Sola Gratia - Net **Genade** - **Waarom** Hy red
3. Sola Fide - Net **Geloof** - **Hoe** ons dit kry
4. Solus Christus - Net deur **Jesus** - **Wie** ons red
5. Soli Deo Gloria - Net tot **Sy Eer** - **Waarvoor** ons gered word

Ons het verlede week **Sola Scriptura** behandel:

Net die Woord van God bevat die waarheid van ons redding & (Redder), nie tradisie of gevoelens nie!

Die Bybel bly die onfeilbare en finale gesag! Met ander woorde, as Skrif en tradisie of (gevoelens) bots, wen die Skrif.

2. Sola Gratia – Alleen deur Genade!

Ef 2:8a, Rom 3:23-24, Tit 3:5

Genade = Onveranderde Guns = Geskenk van God

3. Sola Fide – Net deur geloof**, Ef 2:8b**

Genade is die Geskenk, Geloof is die hand wat dit vat.

Dit is wie jy Glo wat jou **Red!** Nie hoeveel jy glo nie! (Mosterdsaad-geloof)

Rom 1:17, Rom 5:1, **Jak 2:17 –** Jou geloof sal vrug dra (goeie werke).

4. Solus Christus – Net Jesus alleen!

1 Tim 2:5, Joh 14:6, **Hand 4:12,** Heb 7:25

Jesus is die enigste weg na vertroosting!

- Nie mense (pastoor of geestelikes)
- Nie rituele of gebruike
- Nie gevoelens of mistieke ervarings nie

Maar Jesus gee **jou** vrye toegang, toegang tot die troon van genade!

5. Soli Deo Gloria – Net tot eer van God alleen!

'Playing for an audience of one'

OS Guinness, **Gal 1:10**, Kol 3:23**, Ef 2:9,** 1 Kor 10:31 &

Rom 11:36 – Van Hom af is redding & vir Hom is redding tot Sy eer!

Jou werk is aanbidding tot Sy eer en

Jou werke is aanbidding tot Sy eer!

In Suid-Afrika het so 200 hugenote aangekom in die Kaap vanaf Frankryk in 1688, omdat hulle van die 5 beginsels oortuig was en deur die Katolieke regering vervolg is!! Dit is ook ons oortuigings.